WEERSPIEËLINGS VAN HOOP

Studiegids

Campus Crusade for Christ – Suid Afrika
Media Department
orders@cccsa.org.za
www.cccsa.org.za
012-347-6981
Afrikaans
www.magdalenatoday.com

Weerspieëlings van Hoop: Studiegids

Reflections of Hope. Study Guide 2009 (c) 2006-2009. Alle regte voorbehou. Inhoud afkomstig uit Magdalena: Through Her Eyes (c) 2006-2009 Inspirational Films Inc. Alle regte voorbehou. Die algehele inhoud van hierdie boekie is oorspronklik of met toestemming gebruik. Geen gedeelte van hierdie boekie mag op enige wyse verander, in enige vorm gereproduseer, of deur middel van rekenaars of elektroniese middele sonder toestemming bewaar word nie.

Alle Afrikaanse aanhalings is uit die Nuwe Lewende Vertaling en die 1983 Vertaling van Die Bybel afkomstig.

Vertaal vanuit Engels deur Jakkie Groenewald Januarie 2013.

Vooruit: Here, gee U werklik vir my om? 1

Les 1: Jesus, ons liefdevolle vervolger
Rivka: Sien Hy my? 5

Les 2: Jesus, ons genadige vergewer
Owerspelige vrou: Sal Hy my vergewe? 9

Les 3: Jesus, ons krag om te leef
Maria, Jesus se ma: Krag vir die daaglikse lewe 15

Les 4: Jesus, ons magtige bevryder
Maria Magdalena: Sal Hy my verlos?..... 21

Les 5: Jesus, ons barmhartige versorger
Nain se weduwee: Sal Hy vir my sorg?..... 25

Les 6: Jesus, ons algehele hersteller
Vrou van bloedvloeiing genees: Sal Hy my genees? 29

Les 7: Jesus, ons lewende water
Vrou by die put: Sal Hy my te vrede stel? 33

Les 8: Jesus, ons lewenslange vriend
Kom ons vier fees!..... 39

VOORUIT:
HERE, GEE U WERKLIK VIR MY OM?

Deur Sharon Jaynes

Ek hoop jy het die oorvertelling van die lewe en evangelie van Jesus deur die oë van 'n vrou geniet. Maar voordat ons werklik die bevrydende liefde kan waardeer wat Jesus aan vroue betoon het toe Hy op die aarde was, moet ons kennis neem van die skrikwekkende duisternis wat hulle wêreld omring het. Voor ons die duisternis betree, laat ons eers die wonderlike begin in die Tuin van Eden onthou.

Die Bybel sê vir ons, " In die begin het God die hemel en die aarde geskep." (Genesis 1:1) God het deur middel van woorde die skepping in ses dae bewerkstellig en ná die eerste vyf dae, toe die son op die horison gesak het, het God gesien dat dit goed was. Ses keer aan die einde van elke fase van sy handewerk het Hy sy goedkeuring herhaal. "En God het gesien dit is goed."

Ons word deur dié ritmiese herhaling meegesleur net om skielik tot stilstand geruk te word deur die Skepper se woorde as Hy na die eensame man sonder 'n geskikte maat kyk. "Dis nie goed dat die mens alleen is nie." (Genesis 2:18) Toe het God Adam aan die slaap laat raak, een van sy ribbes verwyder en sy grand finale geskep – 'n vrou.

Eva het die kroon op God se meesterlike skepping geplaas . Sy was nie 'n nagedagte nie, maar God se grand finale van die skepping. Die vrou is geskep om die toonbeeld van God se ewebeeld te voltooi. Die man kon dit nie alleen doen nie. Die vrou kon dit nie alleen doen nie. Albei was noodsaaklik om die prentjie wat God die hele tyd bestem het, te voltooi deur saam te werk, te dien en te leef.

God voltooi die eerste week van die skepping en die gordyn sak met die woorde: "God het na sy handewerk gekyk en dit was goed in elke opsig."
Dus, wat het gebeur? Hoe het die vrou van 'n gemeenskaplike ereplek as 'n ewebeeld van God in die Tuin van Eden verskuif na die onderdrukte ondergrawing wat ons deur die eeue gesien het? Wel, laat ons nie die Tuin nou al verlaat nie.

Hoofstuk 3 van Genesis begin met die angswekkende woorde... "Die slang was listiger...". Satan het by die Tuin van Eden ingeseil en Adam en Eva in die versoeking gebring om aan God ongehoorsaam te wees deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet.

Hulle het eerder Satan se leuen in plaas van God se waarheid geglo, was ongehoorsaam aan sy een beperking en het sonde, die dood en die verwydering van God in die wêreld ingebring. Die Bybel sê vir ons dat almal van tóé af by geboorte as gevolg van sonde van God geskei is (Rom. 5:12).

Voor die mens gesondig het, het God gesê dat die vrou saam met die man sal heers (Gen. 3:16). Een van die gevolge van die sondeval was dat die man nou oor die vrou sou heers (Gen. 3:16). Van tóé af het spanning die harmonie en eenheid in die verhouding tussen man en vrou vervang.

God hou daarvan om dinge te verander. Die oomblik toe Eva haar tande in die verbode vrug ingeslaan het, het die kruis se skaduwee op die horison verskyn en God se verlossingsplan het in werking getree. Terwyl die boom in die Tuin die dood en straf voortgebring het, het die boom van Golgota, lewe en seën gebring. Jesus het gekom om die mense se gebroke verhouding met God te herstel, die ewige lewe in die hemel te bring en oorvloedige lewe op aarde te herstel. Maar daar het duisende jare tussen God se woorde wat op die Saligmaker en Jesus se woorde aan die kruis, "Dit is volbring," gelê. Ongelukkig is vroue onderdruk, mishandel en op elke denkbare wyse misbruik.

Toe Jesus op daardie sterrenag in Bethlehem gebore is, was sy eerste huil die eggo van hoe die harte huil van vroue wat eeue lank mishandel en misbruik is. Toe Jesus sy eerste treë op die stowwerige grond van Galilea gegee het, het vroue in afsondering geleef. Hulle kon nie met mans in die openbaar praat nie, getuienis in die hof lewer of met mans by geselligheide verkeer nie. Vroue het in die skaduwees van die samelewing gebly en hulle is selde gesien of gehoor.

'n Vrou was amper soos 'n slaaf haar pa se eiendom en later dié van haar man. Vroue was ongeletterd, nie gewaardeer nie en ongetel. Hulle was nie toegelaat om saam met mans in dieselfde vertrek te eet nie, om in die Tora opgelei te word of om saam met die mans by die binnetempel in te gaan om te aanbid nie.

Vroue was in die sosiale en godsdienstige lewe van hul gemeenskappe afgesonder en as ondergeskikte wesens beskou wie se enigste doel was om huislikheid en seksuele plesier te verskaf. 'n Algemene gebed van 'n Joodse man as hy elke dag opgestaan het, was "Dankie, Here dat ek nie 'n nie-Jood, 'n slaaf of 'n vrou is nie."

Maar Jesus het gekom om dít te verander. Hy het gekom om God se oorspronklike skepping en die doel van mans en vroue te herstel wat in die Tuin van Eden verwring en versteur is (1 Joh. 3:8). 'n Deel van daardie herstel was om vroue weer te plaas in die oorspronklike posisie wat hulle voor die sondeval beklee het. Jesus het op die toneel gekom en gesien hoe God se vroulike ewebeelde in die skaduwees agter slot en grendel gehou is. Hy het met die waarheid die deure wyd oop gemaak. Dis maklik vir ons as 21ste eeuse lesers om Jesus se interaksie met vroue as bloot gewoon te beskou, maar in die ware sin van die woord was dit radikaal. Hy het in die openbaar met vroue gepraat, openlik saam met hulle geëet en hulle met respek behandel. In 'n kultuur waar vroue in die verste hoeke van hul huise weggesteek is om nie gesien of gehoor te word nie, het Jesus hulle daar uitgehaal en die kollig van

sy heilige liefde en die roeping in hul lewe op hulle laat skyn. Toe die gordyn op die Nuwe Testament opgegaan het, het vroue die verhoog vol gestaan en hoofrolle vertolk in die ontvouing van God se groot verlossingsdrama.

God het Maria, Jesus se ma gekies om sy evangeliebediening van wonderwerke by die bruilof in Kana te begin toe Hy water in wyn verander het (Joh. 2:1-12). Hy het die sosiale uitgeworpe Maria Magdalena van duiwels bevry en haar en ander vroue genooi om by sy dissipels aan te sluit (Mark. 16:9). Jesus se langste opgetekende gesprek met in die Nuwe Testament was met 'n vrou – die Samaritaan wat Hy by die put ontmoet het. Dit was ook dié vrou aan wie Hy sy ware identiteit as die beloofde Messias bekend gemaak het. Jesus het hierdie onvervulde vrou met lewende water gevoed en toegekyk hoe sy dorp toe gehardloop het om een van die eerste vroulike evangeliste te word.

Jesus het sy hand na die onaantasbare uitgereik. Hy het uitgereik om 'n vrou te genees wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het (Luk. 8:43-48). En om 'n twaalfjarige dogtertjie uit die dood op te wek (Mark. 5:35-43). Hy het 'n kreupel vrou uit die skaduwees van die samelewing geroep en haar in die middel van die verhoog geplaas toe hy haar krom rug reguit gemaak en haar verlos het om God te eer (Luk. 13: 10-17). Jesus het 'n weduwee se geskenkie geprys en haar uitgesonder as 'n voorbeeld van ware opoffering (Mark. 12: 38-44). Hy het 'n vrou vergeef wat owerspel gepleeg het en haar vryheid opnuut aan haar gegee (Joh. 8:1-30).

Jesus het Maria van Bethanië by mans se klaskamer ingenooi en met sy optrede 'n duidelike stelling gemaak dat dit nou vir vroue tyd was om van God se woord te leer (Luk. 8:38-42). Die oggend van Jesus se opstanding het Hy verkies om eerste aan Maria Magdalena te verskyn en haar gevra om die dissipels te vertel dat Hy uit die dood opgestaan het. (Joh. 20:11-18).

Jesus het vroue geestelik, liggaamlik, verstandelik en emosioneel genees. Hy het hulle geëer en respek aan hulle betoon soos dit 'n kind van God toekom. Jesus het die sleutels van waarheid gevat en die grendels oopgesluit om vroue te bevry van die verdrukking wat hulle in elke hoek en gaatjie van die samelewing gebonde en in afsondering gehou het. Hoe trots is ek nie op daardie vroue wat Jesus se uitnodiging aangeneem het om uit hul skuilplekke te kom nie. Hulle was agente van kulturele verandering wat na God se roepstem eerder as die onderdrukkende stemme van die kultuur geluister het.

As jy Jesus se interaksie met vroue in die Bybel in ag neem, moenie dat die wonder en ontsag van sy radikale lewensveranderende woorde jou ontgaan nie. Sit by die put saam met die Samaritaanse vrou wat smaad en verwerping verwag, maar aanvaarding en liefde kry. Staan by die vrou wat owerspel gepleeg het en verdoeming en die dood verwag, maar vergifnis en 'n nuwe lewe kry. Reik saam met die bloeiende vrou uit wat stilletjies aan sy kledingstuk se soom wou vat, net

om genees te word en erkenning te kry. Staan saam met Maria Magdalena uit die ruïnes op en loop doelgerig om die wonderwerk van Jesus se opstanding te verkondig.

Terwyl jy elke vrou in oënskou neem op wie Jesus 'n impak gemaak het, bid ek dat jy jou naam in die teks sal byvoeg en Hom soos nooit vantevore nie sal ervaar. Jy is kosbaar vir die Here. Jou naam is in die palm van sy hand geskryf.

As jy graag wil bid om Jesus Christus as jou God die Here en Redder aan te neem en God se uitnodiging aanvaar om tot in ewigheid saam met Hom in die hemel te wees, kan jy dieselfde gebed bid as dié wat Rivka saam met haar vriendin in die film gebid het.

"God, my Vader in die hemel U is heilig en regverdig. Dankie dat U my liefhet. Ek het teenoor U gesondig. Dankie dat U die beloofde Messias Jesus gestuur het om die vloek van skaamte en skuld te vernietig. Dankie dat Hy in my plek gesterf het. Dankie, dat U my vergewe en aanvaar. In Jesus se naam, amen."

As jy vandag hierdie gebed gebid het, sal ons graag van jou wil hoor. Jy kan ons by www.cccsa.org.za kontak en ons sal saam met jou feesvier!

Sharon Jaynes is 'n internasionale konferensiespreker en skrywer van verskeie boeke wat vroue bemoedig. Vir meer inligting, besoek www.sharonjaynes.com.

LES 1:
JESUS, ONS LIEFDEVOLLE VERVOLGER
RIVKA: *Sien Hy my?*

Om jou te leer ken... Vertel kortliks (1-2 minute elk) 'n deeltjie van jou verhaal in die volgende areas:

- ❑ Wat is jou geestelike agtergrond?

Waar is jy op jou geloofspad? Wonder jy, soos Rivka, of God jou enigsins sien? Ken jy vir en loop jy, soos Maria Magdalena, ná aan Jesus? Of is jy iewers tussenin?

KYK

DVD-tonele: Snit 1: MARIA MAGDALENA GAAN NA RIVKA SE HUIS TOE

WEET DÍT

In die film sê Rivka*: "Die God wat alles hier geskep het - ek twyfel of hy my enigsins sien, wat nog van ken? Dalk sal God 'n heilige man liefhê, maar nie iemand soos ek nie."*

Soos Maria Magdalena, Rivka en ander vroue in die film, het elke vrou 'n storie om te vertel. Jý het 'n storie om te vertel. Jou verhaal het 'n begin, middel en uiteindelik 'n einde. Sigbare bewyse van 'n Liefdevolle Vervolger is in elkeen van ons verhale verweef - die Een wat jou met 'n doel geskep het en aan jou verhaal betekenis en lewe gee. Mag jy gedurende die volgende paar weke besef en sien, soos Rivka uiteindelik gemaak het, dat jy vir God saak maak. Hy sien jou en Hy ken jou!

HET JY GEWEET?

In 'n toespraak het dr. Larry Crabb, 'n bekende Christelike sielkundige, skrywer en spreker, gesê, "Vroue se kern vrees is onsigbaarheid." Stem jy daarmee saam? Hoekom of hoekom nie?

Een van die name vir God in die Bybel is El Roi, wat "Die God wat sien," beteken.

LEEF

Dit maak nie saak waar jy jou op jou reis bevind nie, jy is vir God waardevol. Selfs voordat Hy jou geskep het, het Hy jou gesien en geken.

God sien jou:

"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal! As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê."
(**Ps. 139:13-18**).

- ❑ Wat roer jou hart as jy hierdie woorde hoor?

- ❑ Is dit moeilik om te glo dat God jou gemaak het soos jy is? Hoekom of hoekom nie?

In die Bybel sê **Kol 1:15-16**:

"Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep."

- ❑ Wie het jou geskep? Met watter doel?

- ❑ Hoe belangrik is dit vir jou?

God ken jou:

"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip."(**Ps. 139:1-6**).

- ❑ Wat vertel hierdie gedeelte jou van God?

- ❑ Verander dit jou siening van Hom? Indien wel, hoe?

- ❑ Wat vertel hierdie gedeelte jou van hoe God oor jou voel?

- ♥ Hoe laat dit jou voel?

Hoe verootmoedigend en verstommend is dit nie dat God alles van jou weet nie (die goeie, die slegte en die lelike!)? Hy wil steeds 'n liefdevolle verhouding met jou hê. Hy volg jou. Hy het jou lief.

God het jou lief:
"Ek is seker dat niks ons van God se liefde kan skei nie – nie liefde of die dood, engele of geeste, nie die hede of die toekoms en nie die magte bo of die magte onder ons nie. Niks in die hele skepping kan ons van God se liefde in Jesus Christus ons Here skei nie." (**Romeine 8:38-39**)

VERTEL

Uitdaging: Dalk is jy soos Rivka en wonder lankal of God jou ken of selfs sien. Teen die einde van die fliek kies Rivka om te glo dat God haar werklik liefhet en sy berus haar geloof in Jesus. Deur middel van 'n eenvoudige gebed, soos die een hieronder, kan jy ook kies om te glo dat Jesus jou geskep het, jou sien en jou liefhet. Vir jou! Sal jy Hom vandag vertel dat jy glo?

> *Here, my Vader in die hemel, U is heilig en regverdig. Dankie, dat U my liefhet. Ek het teen U gesondig. Dankie dat U die beloofde Messias Jesus gestuur het om die vloek van sonde en skuld te vernietig. Dankie dat Hy in my plek gesterf het. Ek wil my lewende Heiland volg. Dankie dat U my vergewe en aanvaar. Amen.*

Delf dieper: Indien jy reeds besluit het om in hierdie waarhede oor Jesus te glo, of steeds daaroor twyfel, ruim hierdie week tyd in om met God oor jou onsekerhede te praat. Hersien enige van die bogenoemde verse en dink deur die week daaroor na. As God jou enigiets oor die vertwyfelinge leer, oorweeg asseblief om dit volgende week met die groep te deel.

LES 2:
JESUS, ONS GENADIGE VERGEWER
Owerspelige vrou: ***Sal Hy my vergewe?***

DEEL

Wil enige iemand vertel waaroor jy nagedink het tov die verse van verlede week? Het God enigiets oor jou vertwyfelinge aan jou bekendgemaak?

KYK

DVD-tonele: Snit 12: DIE OWERSPELIGE VROU WORD VERGEWE

WEET DÍT

In die Bybel sê **Joh. 8:1-11**:

"*Jesus het egter na die Olyfberg toe gegaan. Teen dagbreek die volgende oggend het Jesus weer na die tempel toe gekom en die hele volk het na Hom toe gestroom. Hy het toe gaan sit en hulle onderrig."*

"Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op die daad van owerspel betrap is en laat haar tussen hulle staan. Hulle sê vir Hom: 'Leermeester, hierdie vrou is uitgevang terwyl sy besig was met 'n daad van owerspel. Moses het in die wet aan ons opdrag gegee om sulke vroue te stenig, maar wat sê u daaroor?' Dit het hulle net gesê om Hom te toets sodat hulle iets kon kry om Hom oor aan te kla. Jesus het egter afgebuk en

met sy vinger op die grond geskryf. Toe hulle aanhou om vrae te vra, het Jesus regop gestaan en vir hulle gesê: ' Laat die een onder julle wat sondeloos is, die eerste een wees wat 'n klip na haar gooi.' Daarna het Jesus weer gehurk en op die grond geskryf."

"Nadat hulle dit gehoor het, het hulle een vir een begin weggaan, eerste die familiehoofde. Jesus is alleen agtergelaat terwyl die vrou nog in die middel staan. Toe Jesus weer orent kom, het Hy vir haar gesê: 'Dame, waar is hulle heen? Het niemand jou veroordeel nie?'"

"Sy het geantwoord: 'Niemand nie Meneer.' Jesus sê toe vir haar: 'Ook Ek veroordeel jou nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.'"

HET JY GEWEET?

In Jesus se dae was owerspel 'n halsmisdaad in Israel.

Geestelike leiers het **Lev. 20:10**, 'n deel van die wet van Moses, geken wat sê, "As 'n man egbreuk pleeg met 'n ander man se vrou, moet beide die man en die vrou doodgemaak word."

- ❑ Wat dink jy was hierdie vrou se stryd?

- ❑ Waar was haar maat? Wat sê dit vir ons van die aanklaers?

- ❑ Hoe dink jy het sy gevoel ná sy uitgevang en deur 'n klomp mense in die openbaar uitgesleep is?

- ♥ Hoe sal jy daaroor voel as jou oortredings ontbloot word?

Op dieselfde wyse, wanneer ons iets onwettigs doen, iets wat iemand anders of God seermaak, neem Hy dit baie ernstig op en word dit sonde genoem. Sonde lê op ons pad. Ons dink ons eie gedagtes en doen wat ons wil doen, in plaas van wat God wil hê. Sonde kan houdings of optrede of beide wees.

God se standaarde in die Bybel wys sy hart vir ons en wanneer ons daarteen rebelleer en ons eie begeertes nastreef, ontbeer ons die beste wat God vir ons gee en laat ons Hom treur.

- ❑ Hoe reageer Jesus teenoor hierdie vrou en sorg Hy vir haar in haar omstandighede?

- ❑ Hoekom het Jesus se reaksie vir haar so baie beteken?

- ❑ Moes die owerspelige vrou enigiets doen om vergewe te word?

Dís hoe 'n verhouding met God verskil van om godsdienstig te wees. Godsdiens sê vir jou om te doen wat reg is sodat jy aanvaarding, liefde en vergifnis kan kry. 'n Verhouding met God deur Jesus Christus, is nie op ons optrede gegrond nie, want ons is reeds aanvaar, geliefd en vergewe.

LEEF

LEWE EN DOOD is belangrike woorde in die Bybel. Die Bybel verwys na geestelike lewe en dood en ook na liggaamlike lewe en dood.

Joh. 17:3 verwys na geestelike lewe: "En die inhoud van die ewige lewe is dat hulle U ken, die enigste ware God en Jesus Christus wat U gestuur het."

Die volgende verse verwys na geestelike dood.

Kol 2:13-14 sê:

"Julle was eintlik dood omdat julle gesondig het en omdat julle sondige geaardheid nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewendig gemaak toe Hy julle al julle sondes vergewe het. Hy het die dokumente met voorskrifte wat as klagstaat teen ons gedien het, uitgevee en dit van ons af weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker."

- ❑ Wat het volgens dié verse met die "klagstaat teen ons" gebeur?

Ons leef nie volgens "Moses se wet" wat na die bogenoemde vers verwys nie, maar tog leef ons volgens 'n soort morele, etiese en kulturele kode wat in ons is. As vroue

is ons geneig om onsself onder hoë druk te plaas om goed te presteer. Wanneer ons faal, probeer ons ons bes om ons tekortkominge te verbloem.

God sê vir ons in **Rom. 8:1**, *"Vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is, is die oordeel nou heeltemal weggeneem."*

- ❑ Wat is volgens dié vers die waarheid oor diegene wat "aan Christus Jesus verbind is?"

- ❑ Hoe kan die wete dat ons nie veroordeel is nie, die wyse verander waarop ons onsself sien?

- ❑ Hoe is hierdie feit van toepassing op hoe ons ander behandel?

Toe Jesus met hierdie vrou wat in sonde vasgevang is, gepraat het, het Hy haar vergewe, maar ook gesê, *"Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."* Hy het vir haar gesê dat sy haar nuwe identiteit as iemand wat vry en vergewe is, moet aanneem. Op dieselfde wyse is ons vergewe, maar saam met daardie vryheid kom verantwoordelikheid en 'n nuwe identiteit. Dit beteken nie dat ons nooit weer sal faal nie, maar dit gee wel 'n nuwe rigting aan ons lewe.

1 Joh. 1:9-10 sê:

"As ons egter ons sondes bely, Hy(God) is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van elke verkeerde optrede. As ons beweer dat ons tot nou toe nie gesondig het nie, maak ons Hom tot 'n leuenaar. Dit beteken ook dat sy woord nie in ons lewe plek gekry het nie."

- ❑ Dus, wanneer ons wel faal, hoe maak ons weer sake met God reg?

VERTEL

Uitdaging: Belydenis beteken dat ons met God saamstem oor enige verkeerde gedagtes, houdings of dade. Ons stem saam met Hom dat dit verkeerd is, vra om vergifnis en erken dat ons reeds deur God vergewe is as gevolg van Christus se dood aan die kruis.

Kom ons maak belydenis prakties:

1. Maak 'n lys van al jou sondes op 'n stukkie papier en vernietig dit dan. Dié lys is net tussen jou en God en wees dus heeltemal eerlik. Vra stilswyend dat God jou moet help om die dinge in jou lewe wat hom mishaag, raak te sien.

Skryf alles neer wat God in jou gedagtes laat kom. Terwyl jy elkeen neerskryf, bely dit teenoor God. Onthou jy het 'n liefdevolle Here wat jou vergewe – Hy het selfs sy Seun vir jou gegee!

2. Ná jy jou lysie gemaak het, skryf die woorde van **1 Joh. 1:9** bo-oor jou lysie. Dit sê, *"As ons egter ons sondes bely, Hy is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van elke verkeerde optrede."*
3. As jy jou gebede en belydenis afgehandel het, dank Hom vir sy vergifnis deur geloof. Vernietig dan die lys as 'n illustrasie van die vergifnis wat God aan jou geskenk het deur dit in stukkies te skeur, op te snipper of aan die brand te steek om te wys hoe die Here jou heeltemal vergewe het.

   ❑ **Delf dieper:** Waar is jou sondes (sondelys) nou?

Om vergewe te word, verlos ons van skuld!

Ps. 103:12 sê:

"So ver as wat die ooste is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredings."

Heb. 10:17 sê:

"Ek sal aan hulle sondes en hulle oortredings nooit weer dink nie."

Vra God dié week om jou sondes te openbaar soos hulle gebeur. Bely dit voor die Here, vra om sy vergifnis en bedank Hom dat Hy jou vergewe.

LES 3:
JESUS, ONS LEWENSKRAG
Maria, Jesus se ma: ***Krag vir die daaglikse lewe***

DEEL

Sal enigeen bereid wees om te deel as God aan jou die sondes in jou lewe deur die week uitgewys het? Hoe het jy gereageer?

KYK

DVD-tonele: Snit 3: JESUS SE GEBOORTE

WEET DÍT

Luk 1: 26-38 sê:

"Toe Elisabet ses maande swanger was, het God die engel Gabriël na Nasaret, 'n dorp in Galilea, gestuur na 'n jong meisie met die naam Maria. Sy was verloof aan 'n man met die naam Josef, 'n afstammeling van Koning Dawid. Gabriël het aan haar verskyn en gesê: 'Ek groet jou, geseënde vrou! Die Here is met jou!'"

"Verward en ontsteld het Maria gewonder wat die engel se begroeting kon beteken. 'Moenie bang wees nie, Maria,' het die engel gesê, 'want God het besluit om jou te seën! Jy sal swanger word en 'n seun hê en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal baie groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. En die Here God sal Hom die troon van

sy voorvader Dawid gee. Hy sal vir ewig oor Israel regeer; en sy koningsheerskappy sal nooit eindig nie!'"

"Maria het vir die engel gevra: 'Maar hoe kan ek 'n kind hê? Ek was nog nooit by 'n man nie.'"

"Die engel het geantwoord: 'Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal oor jou toevou. Meer nog, jou familielid Elisabet het in haar gevorderde ouderdom swanger geword! Mense het altyd gesê sy is onvrugbaar, maar sy is al in haar sesde maand, want niks is onmoontlik vir God nie.'"

"Maria het geantwoord: 'Ek is die Here se dienares en gewillig om te aanvaar wat Hy ook al wil hê. Mag alles wat jy gesê het, waar word.'"

"Toe het die engel weggegaan."

"Maria was met haar daaglikse take besig toe die engel haar besoek en haar vertel het dat sy 'n kind sou hê. Ons almal weet dat dit onmoontlik is om 'n kind te hê sonder om intiem met 'n man te verkeer. Toe Maria dié vraag aan Gabriel gestel het, was sy reaksie, "…want niks is onmoontlik vir God nie." Hy het aan Maria verduidelik dat vir dít om te gebeur, "Die heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal oor jou toevou."

- ❑ Waaraan kon Maria gedink het en hoe het sy gevoel toe sy Gabriel se boodskap gehoor het?

- ❑ Al het Maria aan verskeie dinge gedink en gevoelens ervaar, wat was haar werklike reaksie?

- ❑ Hoe dink jy sou jy gereageer het?

HET JY GEWEET?

Maria was aan Josef verloof en in haar kultuur was 'n belofte gelykstaande aan 'n huwelik. Hoewel Maria steeds by haar ouers gebly het, was sy wettiglik as sy vrou beskou. As sy daarvan verdink was dat sy ontrou kon gewees het, het Josef die reg gehad om haar te laat doodmaak soos die vrou wat owerspel gepleeg het, of sy kon ten minste gedwing word om die dorp in skaamte en skande te verlaat. Derhalwe was Maria se swangerskap 'n groot beproewing vir hulle albei.

Haar keuse om gehoorsaam te wees, veral gesien in die lig van die gevolge wat haar in die gesig gestaar het, was 'n toonbeeld van haar geloof.

LEEF

Maria se lewe het in 'n enkele oomblik verander omdat God haar gekies het om 'n taak uit te voer wat in menslike terme onmoontlik sou wees. Maar soos die engel Gabriël gesê het, *"By God is niks onmoontlik nie."* Nie een van ons sal gevra word om die Seun van God te dra soos dit met Maria die geval was nie. Tog vra God ons om iets te doen wat ook onmoontlik is – om Jesus elke dag getrou te volg.

Iemand het gesê om 'n Christelike lewe te lei, is nie moeilik nie; dis onmoontlik.

Die volgende verse wys hoe onmoontlik dit is om as 'n Christen sonder die hulp van die Heilige Gees te leef.

Matteus 16:24 sê: *"Toe sê Jesus vir sy dissipels: 'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.'"*

Jakobus 1:26 sê: *"As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos."*

Matteus 5:48 sê: *"Wees julle dan volmaak, soos julle hemelse Vader volmaak is."*

- ❑ Hoe moet ons volgens hierdie verse ons lewens lei?

- ♥ Dus, hoe vaar jy?

As ons op ons eie krag moet staatmaak, is hierdie opdragte onmoontlik om uit te voer, maar God verwag nie van ons om Jesus met ons eie krag te volg nie. Die Christelike lewe is 'n bonatuurlike lewe en slegs Christus, deur die krag van die Heilige Gees, kan jou in staat stel om dit uit te leef.

Kom ons kyk hoe die Heilige Gees ons bemagtig om 'n Christelike lewe te leef.

Die Bybel sê vir ons daar is drie soorte mense.

1. Die **natuurlike mens** word beskryf as iemand wat nog nooit Jesus in sy/haar lewe ingenooi het nie
   1 Korintiërs 2:14 sê: *"Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word."*
   Sommige woorde wat die natuurlike mens karakteriseer, is <u>trots, angs, skuldgevoel, bekommernis</u> en <u>ongehoorsaamheid.</u>

   Selfgedrewe Lewe (natuurlike mens)

   

   S - Die persoon is self op die troon
   ✞ - Christus is buite die lewe
   ● - Belange onder beheer van self, wat gereeld tot konflik en frustrasie lei

2. Die **geestelike mens** word beskryf as iemand wat deur die Heilige Gees gelei en bemagtig word.
   1 Korintiërs 2:5 sê, *"Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."* Van die woorde wat die geestelike mens karakteriseer, is vertroue, gehoorsaamheid, vrede, vergifnis en liefde.

   Christus-gerigte lewe (geestelike mens)

   ✞ - Christus is in die lewe en op die troon
   S - Die persoon self gee hom oor aan die Here
   ● - Belange is onder beheer van Christus, wat lei tot harmonie met God se plan.

3. Die **vleeslike mens** word beskryf as iemand wat Jesus by sy/haar lewe ingenooi het, maar wat Jesus met sy/haar eie krag probeer volg en nie sinvol leef nie.
   1 Korintiërs 3:1 sê: *"Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus."*

   Selfgerigte lewe (vleeslike mens)

   S - Die persoon self is op die troon
   ✞ - Christus is onttroon en word nie toegelaat om die persoon se lewe te beheer nie
   ● - Belange is onder beheer van self, wat dikwels tot konflik en frustrasie lei.

   ♥ Watter een van die drie diagramme beskryf jou lewe?

   ♥ Watter mens sou jy graag wou wees?

Die meeste mense wil deur die Heilige Gees gelei word. Kom ons kyk na hoe 'n geestelik vervulde lewe gelei word.

In die Bybel sien ons dat God deur drie onderskeibare persone verteenwoordig word: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God het die Heilige Gees aan ons gegee om binne-in ons te leef om aan ons die krag te gee om as volgelinge van Christus te leef. Hoewel die Heilige Gees in almal leef wat Christus in hulle lewens ingenooi het, word ons nie deur die Heilige Gees vervul tensy ons Hom toelaat om ons te lei en te bemagtig nie. Ons kies om deur die Heilige Gees deur middel van geloof op 'n daaglikse, oomblik-vir-oomblik grondslag vervul (gelei en bemagtig) te word. Dít is die verskil tussen die geestelike en vleeslike mens.

Die Bybel geen aan ons 'n opdrag om deur die Gees vervul te word.

Efesiërs 5:18 sê: *"Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul,.."*
Ons weet om deur die Heilige gees vervul te word, is God se wil vir ons want Hy beveel dit. Ons het God se belofte in 1 Johannes 5:14-15 wat sê: *" En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."*

VERTEL MY MEER

Geestelike asemhaling is 'n magtige woordprentjie wat jou kan help om 'n oomblik-vir-oomblik afhanklikheid van die Heilige Gees te kan ervaar. Net soos ons fisies slegte lug uit- en goeie lug inasem, kan ons geestelike asemhaling beoefen.

Uitasem: Erken jou sonde die oomblik wanneer jy daarvan bewus word – stem met God saam dat jy verkeerd is en dank Hom vir sy vergifnis.

Inasem: Gee die beheer oor jou lewe aan Christus oor en vertrou op die Heilige Gees om jou met sy teenwoordigheid en krag deur middel van geloof te vervul.

Net soos Maria deur geloof opgetree en in haar situasie op God vertrou het, moet ons ook in geloof reageer deur op God te vertrou om die Christelike lewe deur ons te leef.

- ❑ Hoe kan jy, soos Maria, op die Here reageer?

- ❑ Hoe word ons deur die Heilige Gees vervul?

VERTEL

Uitdaging: Begin elke dag hierdie week om God te vra om jou toe te laat om jou lewe te beheer. Deel met ten minste een persoon wat jy hierdie week oor die Heilige Gees geleer het.

Delf dieper: Om meer te leer oor hoe die Heilige Gees aktief in jou lewe kan wees, lees en bepeins die volgende gedeeltes: **Galasiërs 5:16-26, Romeine 8:1** en **Efesiërs 5:18.** Jy kan ook die boekie, *Het U Al die Wonderlike Ontdekking van die Geesvervulde Lewe Gemaak?* deur Bill Bright lees. Dit kan by Campus Crusade for Christ by orders@cccsa.org.za of aanlyn bestel word by www.cccsa.org

LES 4:
JESUS, ONS MAGTIGE VERLOSSER
Maria Magdalena: ***Sal Hy my verlos?***

DEEL

Het jy die geleentheid gehad om verlede week met iemand oor die Heilige Gees te praat? Wat het gebeur? Het jy verlede week 'n verandering in jou lewe bespeur nadat jy die Heilige Gees gevra het om jou te lei?

KYK

DVD-tonele: Snit 5: MARIA MAGDALENA WORD VAN DEMONE BEVRY

WEET DÍT

Lukas 8:1-3 sê:

"Nie lank hierna nie het Jesus begin met 'n reis deur al die dorpe en kleiner plekkies om die Goeie Nuus oor die koningsheerskappy van God bekend te maak. Hy het sy twaalf dissipels saamgeneem, asook 'n paar vroue wat Hy gesond gemaak het en uit wie Hy bose geeste gedryf het. Onder hulle was Maria Magdalena uit wie Hy sewe bose geeste gedryf het, Johanna, die vrou van Gusa, Herodes se sakebestuurder, Susanna en baie ander wat uit hulle eie middele bygedra het om Jesus en sy dissipels te onderhou."

- ❑ Hoe dink jy was Maria Magdalena se lewe vóór sy Jesus ontmoet het?

- ❑ Hoekom het sy nie iets gedoen om self van die demone ontslae te raak nie?

- ❑ Hoe het mense teenoor haar gereageer?

HET JY GEWEET?

Volgens die kultuur van daardie dae, sou dit jou onrein gemaak het om naby iemand te kom wat deur bose geeste van besit geneem en beheer is. Derhalwe kon sulke mense nie na die tempel toe gaan of selfs met ander mense in kontak kom nie, totdat daar geglo is dat hulle weer rein was.

God het in die Ou Testament baie "reëls" neergelê wat die Jode moes gehoorsaam. Hy het reëls gemaak wat bepaal het of iemand seremonieel rein of onrein was. Wanneer iemand "onrein" was, het dit eintlik beteken dat hy of sy van die ander mense en van God geskei word. Hulle moes wag tot hulle weer seremonieel rein was voor hulle weer in die gemeenskap van God en ander mense kon wees.

- ❑ Hoe het Jesus in die film teenoor Maria Magdalena en die moontlikheid dat Hy onrein kon word, gereageer?

- ❑ Hoekom dink jy het die bose geeste verdwyn toe Jesus aan hulle opdrag gegee het om weg te gaan?

Hebreërs 1:1-3 sê: *"Vroeër het God dikwels en op baie maniere deur die profete met ons voorvaders gepraat. Maar nou, in hierdie finale fase van die geskiedenis, het Hy met ons gepraat deur sy Seun. God het Hom bestem om die erfgenaam van alles te wees; trouens, Hy het deur Jesus Christus ook die heelal en alles wat daarin is, gemaak. Die Seun weerkaats God se heerlikheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. Deur sy magtige bevel hou Hy die ganse heelal in stand. Met sy dood het Hy ons skoon gewas van die vuilheid van ons sonde. Daarna het Hy die posisie van eer en mag aan die regterhand van God ingeneem – dié God so vol majesteit, wat in die hemel woon."*

Lukas 3:21-22 sê: *"Eendag, toe die skare gedoop word, is Jesus self ook gedoop. Terwyl Hy bid, het die hemel oopgegaan en die Heilige Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal. En 'n stem uit die hemel het gesê: Jy is my geliefde Seun. Jy is 'n kind so na my hart."*

Jeremia 32: 17 sê: *"Ag, Here, U het die hemel en die aarde deur U groot krag en mag gemaak. Niks is vir U te moeilik om te doen nie."*

- ❑ Wat sê hierdie verse oor Jesus se mag en wie Hy is?

- ❑ Hoe het Maria Magdalena se lewe verander as gevolg van haar ontmoeting met Jesus?

- ♥ Praat God met jou deur Maria se storie? Waarvan moet jy in jou lewe verlos word?

LEEF

Deur ons verhouding met God, kan Jesus ons voortdurend beproef. In die wêreld van vandag kry ons mense wat na allerhande dinge uitreik wat 'n tydelike mate van vertroosting kan verskaf. Dít mag kos, inkopies, geld, dobbel, alkohol, dwelms, pornografie, televisie of die internet insluit. Hoewel die afhanklikheidsvlak kan varieer, soek ons almal soms na iets uiterliks om ons innerlike pyn te verminder.

Dit maak nie saak wat jou beproewings mag wees nie, almal het dieselfde effek – dit verhoed ons om die volheid van God se mag in ons lewens te ervaar.

Ons kan soos Maria Magdalena van die mag van ons gebondenheid verlos word om 'n lewe te leef waar ons God se vryheid en doel kan ervaar. Deur Christus se krag kan ons in ware vryheid begin leef en die houvas breek wat negatiewe invloede op ons lewens het.

Onthou, wanneer ons Jesus volg mag ons beproewings dalk nie ophou nie. God kan aan ons die krag gee om uit te hou en te volhard en hy kan hierdie dinge gebruik om die verlangde kwaliteite in ons lewens te bou.

Hebreërs 12:1-2 sê: *"Met so 'n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou – kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kan kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Een op*

wie ons geloof vanaf die wegspring tot by eindstreep steun. Hy het ter wille van die blydskap wat daar voor op Hom gewag het, die kruis verduur. Ja, Hy het Hom selfs deur die skande van die kruisdood nie laat afskrik nie. En nou sit Hy op die ereplek langs God op die troon!"

Jakobus 1:2-4 sê: *"My liewe broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees. Julle weet mos: Wanneer 'n mens se geloof 'n toets deurstaan, veroorsaak dit dat jy kan volhard. Julle moet egter enduit volhard. Dan sal julle julle lewensdoel bereik en geestelik gesond wees. Julle sal niks kortkom nie."*

♥ Wat in jou lewe sal anders wees as jy op God sal vertrou wanneer jy beproef word?

VERTEL

Dit maak nie saak waar ons op ons geloofsreis is nie, ons almal word beproef. Maria Magdalena moes 'n stryd met bose geeste voer en Jesus was haar magtige verlosser. Ongeag wat jou beproewing vandag is, Jesus wil jou magtige verlosser wees.

Uitdaging: Kan jy hierdie week 'n area van beproewing of probleme aan God toevertrou en Hom vra om jou te verlos? Deel met 'n ander persoon wat jy besig is om te leer.

Delf dieper: Skryf dit neer en leer **Hebreërs 12:1-2** (vroeër aangehaal) en vra God om hierdie waarheid te verstaan en uit te leef.

LES 5:
JESUS, ONS LIEFDEVOLLE VERSORGER
Nain se weduwee: ***Sal Hy vir my sorg?***

DEEL

Sal enigiemand bereid wees om die beproewings/probleme wat jy hierdie week aan God toevertrou het, te deel?

Wil enigiemand **Hebreërs 12:1-2** uit geheue voordra? Indien nie, laat ons dit saam lees. *Aangesien ons dus deur so 'n groot hoeveelheid getuienis omring word, laat ons alles wat ons pla en die sonde wat ons so maklik verstrik, verwerp sodat ons met deursettingsvermoë die wedloop wat vir ons uitgemerk is, kan hardloop. Laat ons ons oë vestig op Jesus, die outeur en vervolmaker van ons geloof. Met die vreugde wat voor Hom gelê het, het Hy die kruis verduur en sit Hy nou op die troon aan God se regterhand.*

KYK

DVD-tonele: Snit 6: JESUS WEK DIE WEDUWEE SE DOOIE SEUN OP EN ONDERRIG DIE SKARE

WEET DÍT

Lukas 7:11-17 sê: *"Kort hierna het Jesus en sy dissipels na die dorp Nain gegaan met 'n groot skare wat Hom volg. Toe Jesus die dorpsingang nader, het 'n begrafnisstoet uitgekom. Die seun wat gesterf het, was die enigste seun van 'n weduwee en baie roubeklaers van die dorp was saam met haar. Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry. 'Moenie huil nie!' het Hy gesê."*

"Toe het Hy na die draagbaar toe geloop en daaraan geraak en die draers het, gaan staan. 'Jong man,' het Hy gesê, 'staan op!'"

"Toe het die dooie seun regop gesit en met die mense om hom begin praat! En Jesus het hom aan sy ma teruggegee."

"Groot vrees het die skare oorweldig – hulle het God geprys en gesê: "'n Magtige profeet het onder ons opgestaan,' en: 'Ons het vandag die hand van God gesien werk.' Die berig oor wat Jesus die dag gedoen het, het deur die hele Judea en selfs oor die grense heen versprei."

HET JY GEWEET?

Verwerk uit die bron: www.stathanasius.org/bible/oct_8_2000.html

Uit die gebeure wat in Lukas beskryf word, kom dit voor dat die weduwee van Nain finansieel nie welaf was nie. Eerstens was die man op 'n draagbaar gedra (v.14). Tweedens, toe Jesus met hom praat, "Jong man, staan op!" (v.14) het hy regop gesit en dadelik begin praat. Dit was nie nodig om 'n begrafniskleed vir die weduwee se seun uit te trek nie, aangesien daar nie een was nie. Van die draagbaar en die gebrek aan 'n begrafniskleed kan ons aanneem dat hy na 'n armlastige graf toe gedra is. Dis duidelik dat die weduwee baie arm was.

Onder die wet van Moses was daar feitlik geen voorsorg vir weduwees getref nie, want dit was die oudste seun – wat geboortereg of 'n ekstra aandeel in die eiendom gehad het - se plig om vir haar te sorg. Bykomend was die skrifgeleerdes en Fariseërs van daardie dae daarvoor bekend dat hulle op weduwees se huise beslag gelê het wanneer die armoedige weduwees se geld opgeraak het (sien **Matteus 23:14)**.

- ❑ Wat het die weduwee nodig gehad toe Jesus haar gesien het?

- ❑ Hoe het Jesus teenoor haar gereageer en vir haar voorsiening getref in hierdie situasie?

- ❑ Wat het dit vir die weduwee beteken toe Jesus haar seun uit die dood opgewek het?

Psalm 68:6 sê: *"'n Vader vir wese, 'n beskermer van weduwees; dit is God in sy heilige woning."*

- ❑ Wat sê hierdie uittreksel vir ons van God se karakter?

LEEF

Soos die weduwee ervaar ons almal omstandighede wat oorweldigend blyk te wees. Ons kan hopeloos, verlore, angstig, bang of selfs wanhopig voel.

- ♥ Worstel jy op die oomblik met iets?

Filippense 4:6-7, 19 sê: *"Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. As julle so bid, sal julle God se vrede beleef. Hierdie vrede is wonderliker as wat 'n mens ooit kan dink. Omdat julle aan Christus behoort, sal die vrees van God julle harte en gedagtes soos 'n veiligheidswag oppas…. Omdat Christus Jesus dit verdien het, sal my God uit sy ontsaglike rykdom vir julle voorsien in elke behoefte wat julle het."*

- ❑ Watter behoeftes word in die woord "alles" in hierdie verse ingesluit?

- ❑ Wat belowe God sal Hy doen?

- ❑ Wanneer dit voorkom asof God nie onmiddellik in ons behoeftes voorsien nie, kan ons Hom steeds vertrou?

1 Petrus 5:7 sê: *"Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om."*

Matteus 6:31-34 sê: *"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."

- ❑ Wat vra God in hierdie verse moet ons doen?

- ❑ Wat dink jy beteken die gedeelte "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God..." ?

- ❑ Op watter praktiese maniere kan jy hierdie waarhede op jou lewe van toepassing maak?

VERTEL

- ❑ Hoe werp ons ons vrese op Hom? (sien **1 Petrus 5:7**)

VERTEL MY MEER

In die Bybel beteken "werp" om fisies 'n vrag op 'n dier soos 'n donkie of 'n os te laai. Jesus nooi ons letterlik uit om ons laste en vrese op Hom te laai.

Uitdaging: Is daar dinge wat jy op God wil werp? Byvoorbeeld: finansies, verhoudings, liggaamlike behoeftes (kos, klere, gesondheid, behuising), emosionele behoeftes (vrese, angs, skuldgevoelens, skande, eensaamheid, depressie), werk.

Matteus 11:28 sê: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*
Gaan dieper: Maak 'n belofte om God te vra om te voorsien in die mees kritieke deel van jou lewe. Deel volgende week wat op jou gebede gevolg het.

LES 6:
JESUS, ONS ALGEHELE GENESER
Vrou van bloedvloeiing genees: ***Sal Hy my genees?***

DEEL

Het jy hierdie week vir God gevra om aan 'n kritieke behoefte van jou te voldoen? Wat het gebeur?

KYK

DVD-tonele: Snitte 9 en 10: JESUS GENEES 'N VROU VAN BLOEDVLOEIING; WEK 'N DOOIE MEISIE OP

WEET DÍT

Markus 5:25-34 sê: *"Daar was 'n vrou onder hulle wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het. Sy het baie swaar gekry onder die baie dokters wat haar behandel het en om haar dokterskoste te dek, het sy alles bestee wat sy gehad het. Tog het sy niks beter geword nie, maar eerder agteruitgegaan. Toe sy van Jesus hoor, het sy deur die skare gebeur en van agter aan sy klere geraak. Sy het gedink: 'As ek net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word.'"*

"Die bloeding het onmiddellik gestop en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy gesond is."

"Jesus het dadelik agtergekom dat daar genesingskrag van Hom uitgegaan het. Daarom het Hy so tussen die baie mense omgedraai en gevra: 'Wie het aan my klere geraak?' Sy dissipels protesteer toe: 'U sien tog hoe die massa U verdring. Hoe kan U vra: 'Wie het aan my klere geraak?'"

"Maar Jesus het bly rondkyk om te sien wie dit gedoen het. Onder die besef van wat met haar gebeur het, het die vrou, bewend van angs voor Hom kom neerval en vir Hom alles openhartig vertel. Hy het vir haar gesê: 'My dogter, omdat jy so vas geglo het, het jy gesond geword. Gaan nou in vrede en wees vir altyd verlos van jou kwaal.'"

Baie geleerdes stem ooreen dat hierdie bloeding met haar menstruele siklus verband gehou het. Volgens die wet van die Ou Testament kon 'n bloeiende vrou nie God se teenwoordigheid betree of deur 'n ander Jood aangeraak word nie. Enige fisieke kontak sou die ander persoon onrein gemaak het.

- ❑ Ons het van dié vrou se liggaamlike lyding gelees. Op watter ander wyses kon dié vrou gely het?

- ♥ Desperaatheid druk ons om enigiets te probeer. Op watter wyse sou jy probeer het om 'n oplossing vir jou situasie te vind? Hoe ver dink jy is Jesus binne jou bereik?

Ondanks die moontlike gevolge wat sy sou moes dra, was die bloeiende vrou desperaat en vasbeslote om Jesus te sien. Om aan Jesus te raak, moes die vrou haar pad oopstoot deur die massa mense wat voor haar was. Sy het geglo dat slegs Jesus haar sou kon help.

- ❑ Wat het sy geglo wat aan haar die moed gegee het om haar pad oop te stoot?

- ❑ Wat het Jesus herstel deur haar te genees?

- ♥ Wat verhoed jou om na Jesus uit te reik?

God gee werklik om om al die verskillende areas in jou lewe te herstel, want hy gee innig vir jou om. "Ek weet nie wat die grootste genesing bring nie, Jesus se mag of sy medelye." – Maria Magdalena in *Magdalena: Bevry van Skande*.

LEEF

Restourasie kan 'n proses wees. Nadat sy twaalf lang jare gewag het en al haar geld uitgegee het, het die dag gekom toe sy Jesus ontmoet en eer aan God gebring het

en deur Hom ingevolge haar geloof genees te word. God is in beheer van alle dinge en Hy het sy eie tydrooster vir ons. Selfs wanneer ons geglo het soos hierdie vrou, kan Hy ons soms op 'n ander wyse antwoord, of op 'n ander tyd as wat ons dit verwag. Dis vir ons belangrik om gewillig te wees om sy wil vir ons te aanvaar, maak nie saak wat die antwoord is nie.

Hebreërs 4:15-16 sê: *"Hierdie Hoëpriester van ons kan ten volle met ons swakhede saamvoel, want Hy moes presies dieselfde versoekings as ons trotseer – behalwe dat Hy nie voor die sonde geswig het nie. Kom ons gaan dan met volle vrymoedigheid na die troon van ons genadige God. Hy sal aan ons sy deernis en onverdiende goedheid bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word."*

- ❑ Hoe reageer Jesus wanneer ons na Hom toe gaan?

Hierdie vrou het presies van Jesus gekry wat sy wou gehad het – haar ligaamlike genesing. Almal kry nie presies wat hulle wil hê nie. Paulus gee ons 'n voorbeeld van sy persoonlike ervarings in **2 Korintiërs 12: 7-10***: "Daarom, sodat ek nie hoogmoedig moet word nie, is aan my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my te kasty. Drie maal het ek die Here gesmeek dat dit my moet verlaat. Hy het egter vir my gesê: "My genade is genoeg vir jou, want my krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking. Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede spog sodat die krag van Christus voortdurend deur my kan werk. Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk."*

God het Paulus nie genees toe hy daarvoor gevra het nie. Derhalwe was hy daartoe gedwing om op die Here se krag te midde van sy swakheid staat te maak. Net so genees God nie altyd ons liggaamlike probleme nie, maar Hy stel ons altyd in staat en gee ons krag om die probleem te verduur.

Jakobus 1:2-4 sê: *"My broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees. Julle weet mos: Wanneer 'n mens se geloof 'n toets deurstaan, veroorsaak dit dat jy kan volhard. Julle moet egter enduit volhard. Dan sal julle julle lewensdoel bereik en geestelik gesond wees. Julle sal niks kortkom nie."*

- ❑Wat, volgens hierdie verse, is sommige van die redes wat God mag kies om ons nie te genees of ons gebede te beantwoord nie?

VERTEL

2 Korintiërs 1:3-5 sê: *"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed*

gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus."

As Christene is ons nie immuun teen struikelblokke nie. Die wyse waarop Jesus ons help, word deel van ons verhaal en kan ander aanspoor wat dalk iets soortgelyks ervaar. Die vertroosting en heling wat God gee, is nie nét vir ons bedoel nie. Ons verheerlik God en prys Hom wanneer ons met ander deel wat Hy vir ons gedoen het.

Uitdaging: As God vir jou herstel in 'n area aangebied het, soek dan hierdie week na 'n geleentheid om jou verhaal met ander wat bemoediging nodig het, te deel.

Delf dieper: Skryf neer watter areas in jou lewe herstel moet word. Dit kan liggaamlik, verhoudingsgewys, geestelik of iets anders wees. Dra dit aan God op en glo deur middel van jou geloof dat Hy dit sal herstel.

As daar 'n area is wat nie na jou wense herstel is nie, dra dit aan God op. Bedank Hom vir wat ook al sy antwoord mag wees. Deur God te dank, word geloof gedemonstreer. Moenie ophou om in God se goedheid te glo nie. Hy is 'n goeie God en hy is lief vir jou!

Wees asseblief bewus daarvan dat baie van ons diep en komplekse probleme het. Dit kan beteken dat 'n mens leiding by 'n vriend, prediker of beroepsraadgewer mag vra. Moenie bang wees om ander hulp te soek om algehele herstel te kry nie. Vra God om jou te help om die regte persoon te kry.

LES 7:
JESUS, ONS LEWENDE WATER
Vrou by die put: ***Sal hy my tevrede stel?***

DEEL

Het God jou hierdie week bemoedig in ’n area in jou lewe wat herstel nodig het?

Het jy dié week die geleentheid gehad om iemand met jou verhaal te bemoedig en sal jy bereid wees om te deel?

KYK

DVD-tonele:Snit 7: DIE VROU BY DIE PUT

WEET DÍT

Johannes 4:7, 9-26, 27-30, 39-42 sê:
"’n Samaritaanse vrou kom toe daar aan om water te skep. Jesus vra haar: 'Gee vir My asseblief water om te drink.'"

"Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: 'Hoe op aarde vra jy wat ’n Jood is, van my wat ’n Samaritaanse vrou is, water om te drink?' Die Jode wou immers niks met die Samaritane te doen hê nie. Jesus het daarop gereageer: 'As jy maar net hierdie gawe van God vir jou geken het en geweet het wie dit is wat dit vir jou vra: 'Gee vir My water

om te drink,' sou jy Hóm gevra het en Hy sou vir jou water gegee het wat tot die ewige lewe lei.'"

"Die vrou sê toe vir Jesus: 'Meneer, jy het nie eers 'n skepding nie en die put is regtig diep. Van waar kry jy die lewende water? Jy is beslis nie belangriker as ons lewende vader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en diere daaruit gedrink het nie.'"

"Jesus antwoord haar: 'Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word. Wie egter van die water drink wat Ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel.'"

"Die vrou sê toe vir hom: 'Meneer, gee my van hierdie water sodat ek sodat ek nie weer dors word en hierheen hoef te kom om water te skep nie.'"

"Hy sê vir haar: 'Gaan roep jou man en kom dan terug hiernatoe.'"

"Die vrou het dadelik gereageer: 'Ek het nie 'n man nie.'"

"Jesus beaam dit toe: 'Jy het reg gesê: 'Ek het nie 'n man nie.' Want jy het reeds vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is eintlik nie jou man nie. Dit wat jy gesê het, is die waarheid.'"

"Die vrou sê vir Hom: 'Meneer ek sien dat u 'n profeet is. Ons voorouers het op hierdie berg aanbid, maar julle sê die plek waar 'n mens moet aanbid, is in Jerusalem.'"

"Jesus merk toe op: 'Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op die berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. Júlle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken, want die verlossing is uit die geledere van die Jode. Daar kom egter 'n tyd en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Here verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees en dié wat Hom aanbid, moet Hom in 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid.'"

"Die vrou sê vir Jesus: 'Ek weet dat die Messias kom, Hy wat die Christus genoem word. Wanneer Hy ook al kom, sal Hy ons oor alles inlig.'"

"Toe sê Jesus vir haar: 'Dit is Ek wat nou met jou praat.'"

"Op daardie oomblik het sy dissipels teruggekom. Hulle was verstom dat Jesus besig was om met 'n vrou te praat. Nietemin het niemand haar gevra: 'Wat wil jy nou eintlik hê?' of vir Hom: 'Waarom knoop U 'n gesprek met haar aan?' nie. Die vrou het haar waterkruik net daar gelos, na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: 'Kom kyk self – 'n man het my alles vertel wat ek al gedoen het. Is hy nie die Messias nie?' Die inwoners het toe van die dorp af na Jesus toe begin stroom."

"Uit daardie dorp het baie van die Samaritane in Jesus begin glo op grond van die woorde van die vrou wat met oortuiging kom vertel het. 'Hy het my alles vertel wat ek gedoen het. 'Toe die Samaritane by Jesus aankom, het hulle hom gevra om by hulle tuis te gaan. En hy het twee dae lank daar oorgebly. Baie meer van hulle eie mense het op grond van sy woorde begin glo. Hulle het vir die vrou gesê: 'Ons glo nie meer op grond van jou gepraat nie; ons het nou self gehoor wat Hy sê, en ons weet dat Hy werklik die Verlosser van die wêreld is.'"

- ❑ Wat is hierdie vrou se verhaal?

HET JY GEWEET?

Volgens kultuur in die eerste eeuse Palestina was dit onaanvaarbaar dat 'n man en vrou wat mekaar nie geken het nie, met mekaar gepraat het.

Daar was ook erge rassespanning tussen Jode en Samaritane in daardie stadium, aangesien die Samaritane 'n gemengde ras was. Die vrou het selfs gevra, " Hoe op aarde vra jy wat 'n Jood is, van my wat 'n Samaritaanse vrou is, water om te drink?" Vir die Jode van daardie tyd was die woord "Samaritaan" gelykstaande aan "hond." Die Jode sou gereeld kilometers uit hul pad gaan om nie deur Samaria te reis en kontak met die Samaritane te hê nie.

Die feit dat die vrou op die middaguur na die put toe gegaan het, sê vir ons iets oor haar. Sy was waarskynlik as 'n uitgewekene bestempel as gevolg van haar immorele optrede en is derhalwe deur die gemeenskap verwerp.

Die Samaritaanse vrou het nie eens verwag dat Jesus met haar sou praat nie, wat nog te sê om haar vir 'n koppie water te vra.

- ❑ Jesus het 'n gesprek met hierdie vrou aangeknoop. Wat openbaar dit vir ons van sy karakter?

- ❑ Hoekom dink jy het Jesus 'n vraag oor haar man gevra?

Jesus het reguit oor hierdie vrou se verlede en huidige lewenswyse gepraat. Niks van haar lewe was vir Hom versteek nie. Hy het die pyn en gebrokenheid van haar lewe verstaan. Hy het haar nie verwerp nie. Hy het met deernis haar die lewenspad gewys wat Hy was en is.

- ❑ Hoe het die Samaritaanse vrou aan haar eie behoeftes probeer voorsien?

- ❑ Op watter maniere probeer ons vandag aan ons eie behoeftes voorsien?

- ❑ Hoe sê Jesus sal Hy aan haar behoeftes voorsien? Hoe is dit op ons van toepassing?

LEEF

Mense wat werklik in Jesus glo begin om 'n verandering in hulself, hul ingesteldheid en perspektiewe te ervaar. Hulle word "nuwe mense."

2 Korintiërs 5:17 sê: *" Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."*

Die Samaritaanse vrou se onmiddellike reaksie was om haar ervaring aan die ander mense in die dorp oor te dra en te wys dat sy in Jesus geglo en 'n nuwe mens geword het.

Drie dinge het gebeur as gevolg van die gesprek wat die Samaritaanse vrou met Jesus gehad het. Haar verlede het haar nie langer van 'n verhouding met God ontneem nie. Baie mense in die dorp het saam met haar gelowiges geword. Jesus se volgelinge het Hom oor kulturele en rassegrense sien uitreik.

Galasiërs 3:28 sê: *"Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één."*

Johannes 7:37-39 sê*: "Op die laaste dag, die groot dag van die Huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: 'As jy dors is, kom dan na My toe en drink. Die een wat in My glo – soos die Skrif sê: 'Riviere lewende water sal uit sy binneste vloei.'" Hiermee het Hy verwys na die Gees wat dié wat in Hom geglo het, later sou ontvang. Tot in daardie stadium was die Gees nog nie gegee nie aangesien Jesus nog nie verheerlik was nie.*

- ❑ Wat beteken dit om lewende water te hê wat uit ons vloei?

Galasiërs 5:22-23 sê: *"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."*

Wanneer ons toelaat dat die Heilige Gees ons lewens beheer, kan ons begin sien hoe Hy ons van binne verander en ander sal dié vrug in ons lewens sien.

VERTEL

- ❑ Na watter soort mens het Jesus gesê soek die Vader? (Kyk na die gedeelte aan die begin van dié les).

Hoewel ons nie weet wie sal reageer nie, het ons soos die Samaritaanse vrou, dit nodig om vir ander te vertel wat God vir ons gedoen het.

Johannes 4:39 sê: *"Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat ek gedoen het."*

Die uitgeweke vrou het die dorp se heldin geword. Jesus het die vrou met Hom versoen en toe het Hy haar gebruik om baie ander mense in die dorp na God toe te bring.

Uitdaging: Wie in jou lewe moet nog hoor wat God vir jou gedoen het? Om jou verhaal aan ander te vertel, is een manier om 'n ware aanbidder te wees. Maak 'n lys van mense en bid dat wanneer hulle van Jesus hoor, hulle soos die Samaritane sal reageer.

Tydens volgende week se byeenkoms sal daar tyd wees om te deel. Die volgende vrae sal rigting in jou denke gee.

- ❑ Het jou siening van Jesus tydens hierdie studie verander? Indien wel, hoe?

- ❑ Wat is die een area in jou lewe wat jy as gevolg van hierdie studie wil ontwikkel?

- ❑ Hoe het Jesus jou lewe geraak terwyl ons saam oor Hom geleer het?

LES 8:
JESUS, ONS LEWENSLANGE VRIEND
Kom ons vier fees!

Dis nou die tyd om fees te vier oor wat God vir ons tydens hierdie studie gedoen het. Ons gaan partytjie hou! Die idee is om alles wat God tydens hierdie studie gedoen het, te verheerlik.

Wie ken jy wat daarby sal baat om na *Magdalena: Verlos van Skande* te kyk en in die Bybelstudie te deel? Maak nou 'n lys van dié mense. Onthou jy hoe jou hart vir God oopgegaan het toe jy na die film gekyk het? Dink net hoe dit ander se harte ook kan oopmaak!

Vriende met wie ek Magdalena sal wil deel:

_____
_____
_____

VOORSTELLE VIR VERDERE STUDIE:
Ten Basic Steps for Christian Maturity deur Dr. Bill Bright
How to Forgive... When You Don't Feel Like It deur June Hunt
Seeing Yourself Through God's Eyes deur June Hunt
Lord, I Want To know You deur Kay Arthur
Practical Christian Living ontwikkel deur Priority Associates
Your Scars Are Beautiful To God deur Sharon Jaynes

Studiemateriaal kan bestel word van:

Campus Crusade for Christ – Suid Afrika
Media Department
orders@cccsa.org.za
www.cccsa.org.za
012-347-6981
Afrikaans
www.magdalenatoday.com